



Stellenbosch-Sentraal

Nederduitse Gereformeerde Kerk

DIE FAMILIE-KERK

1 Julie 2021

NAKOMING VAN POPIA WETGEWING - INSTEMMING OM DEEL VAN HIERDIE GROEP TE VORM

Soos julle almal seker reeds weet tree die POPI inligtingswet vanaf 1 Julie 2021 inwerking.

Volgens hierdie wet word daar van die administrateurs van 'n whatsapp groep verwag om u toestemming te bekom vir deelname aan hierdie WhatsApp-groep. As sodanig word u hiermee in kennis gestel dat u geregtig is om sodanige toestemming te weier en u mag die reg uitoefen deur hierdie groep te verlaat.

As u verkies om in hierdie groep te bly, word aanvaar dat u ingestem het om deel te wees van hierdie groep en dat u persoonlike inligting (naamlik u selfoonnommer en naam) openlik is vir enige persoon in hierdie groep.

In hierdie verband versoek ons alle lede van hierdie groep om nie enige persoonlike Inligting van lede op die groep aan enige iemand bekend te maak sonder die toestemming van die betrokke persoon nie.